

# Piketberg se Blommekruis

GERNA CROESER en
RONÉL McKNIGHT
**Piketberg Openbare Biblioteek**

Ons het die idee vir die blommekruis in die **Dit** tydskrif gekry. Die kruis was in die agtergrond van 'n mode artikel, in skakerings van pers.

## Maak van blommekruis

- Neem twee stewige houtplanke van 2 cm breed en onderskeidelik 48 cm en 32 cm lank.
- Sit die twee stukke hout in kruisvorm en kap met twee lang spykers vas.
- Besluit op 'n kleurskema.
- Koop plastiekblomme van verskillende kleure en groottes. Maak seker dat daar ook blare by is. Ons blomme is by 'n bekende kettingwinkel gekoop. (Ongeveer R40,00.)
- Knip blomme en blare los van stingels.
- Rangskik die blomme op die tafel in die vorm van die kruis, min of meer soos jy dit wil hê. Plaas eers die groter blomme en vul dan op met die kleiner blomme en blare.
- Plak die blomme nou een vir een op die houtkruis vas met 'n warm gomgeweer (glue gun) of enige ander sterk gom wat vinnig droog word.
- Sorg dat die hout oral bedek is. Al wat gesien moet word, is die blomme en blare.
- Ryg nou 'n string Kersfees liggies (fairy lights) deur die blomme. Dit moet slegs wit liggies wees en nie gekleurdes nie.

Die kruis kan by verskillende uitstallings gebruik word: Kersfees, Paasfees, die dood van 'n bekende persoon en geestelike uitstallings.

*Vir navrae kan Gerna of Ronél gekontak word by (022) 913-1126.*